2 KONINGS 6:8-23 NGK MIEDERPARK 1/11/09

TEMA: HERE MAAK MY Oë OOP Ds Okkie Cilliers

Ek worstel geweldig met my menslike beperktheid en tekortkominge. O ja, ek ken die Here vir 27 jaar en die Here het al die wonderlikste dinge deur my gedoen en my na hoogtes gevat wat ek nie geweet het bestaan nie. Maar ek het die Here ook na laagtes toe gevat wat Hy seker nie gedink het ’n kind van God kan inval nie.

- Dit jaag my. Hoe kan ek die oorwinningspad met die heilige God leef?! Ek weet so min daarvan!

Ek het deur die Bybel gaan blaai en op ou notas afgekom oor dié Bybelgedeelte. Ek het die nota’s gebruik in ’n preek wat ek in 2006 gemaak het. Ek wil dit weer gebruik om ons oë oop te maak vir die gevaar van die lewe van val-en-opstaan; maar ook die geweldige krag wat God ons gee.

Die gedeelte word gewoonlik bedien met die klem wat op vers 16 val: "Hulle wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." Dit is 'n wonderlike woord van bemoediging om te weet dat die Here met al sy krag by sy kinders is, hoewel hulle dit nie kan sien nie. Dit is 'n pragtige getuienis, maar dit kan ongelukkig nie beleef word *voordat jou oë oopgemaak is nie* (vers 17).

Ek vermoed dat dit iets is wat ingebore is by die mens: die vermoë om te sê/hoor/sien/dink wat ons wil, en basta met die res. Dit is 'n goeie ding dat mense verskillend op verskillende dinge reageer, want die lewe sou maar 'n saai plek gewees het as almal dieselfde reageer het. Maar as 'n mens in die wêreld van die kerk en die area van die Gees beweeg, is dinge nie so eenvoudig nie. As voorbeeld: 'n predikant preek en twee mense hoor totaal verskillend. Die een sê dat die Heilige Gees hom aangeraak het terwyl die ander sê dat alles by hom verby gegaan het; een vertel dat dit 'n kragtige woord was en die ander vertel dat hy daar niks van verstaan het nie.

Ons kan nie maar net sien/hoor/dink/ doen soos wat ons lus is nie, eenvoudig omdat daar 'n oorlog aan die gang is; die tussen God en Satan. Die oorlog kan ongelukkig nie vanuit 'n gewone menslike perspektief beoordeel word nie, omdat dit nie net in die menslike realm plaasvind nie - jy het daarvoor 'n geestelike oog nodig. Ja, om oor die dinge van die Here en sy kerk te praat, *is nie maar net 'n kwessie van interpretasie nie, maar 'n geestelike en 'n vleeslike oog waarmee dinge bekyk word*.

- Die een het die Gees van God en die ander nie; die een sien God raak en die ander nie.

Die werking van die Here kan net met 'n Geestelike oog gesien word omdat die Gees van God in jou is (kom ons noem dit die "Geestelike mens"). Andersins kan jy net 'n mening oor 'n saak uitspreek.

Dit is baie belangrik dat hierdie saak verstaan word: die een wat met die Gees van God werk, beweeg in die geestelike realm en bring die dinge van die Gees oor na dinge van die alledaagse. Die een wat dinge op sy eie sien (kom ons noem dit die "vleeslike mens") wil die alledaagse oorbring na die Geestelike en hy beleef die dinge wat hy sien en hoor.

Daar is rede om bekommerd te wees. Want mense kan baie praat oor dinge wat hulle in die kerk sien/hoor/ervaar… **maar die Gees van God werk nie**. Iemand kan net die dinge van die Gees beleef, as die Here sy oë oop gemaak het en deur die Gees aangeraak het. Die ander mense kan by alles betrokke wees, maar gaan huistoe en niks het gebeur nie: hulle ervaar dinge maar gaan voort met die lewe en sien/hoor/praat/dink soos wat dit hulle geval.

- Toets jouself. Wat het jy verlede week oor die Here en sy dinge gehoor (kan jy onthou)? Hoe het jy dit beleef? Wat het jy daaraan gedoen? Iemand wat deur die Here aangeraak is, kan met min moeite die dinge van die Gees in sy lewe opnoem. Iemand wat nie deur die Here aangeraak is nie, het niks gedoen nie wil vir ander mense sê hoe die Here hulle moet aanraak en wat hulle moet doen.

Vleeslike mense kan baie geestelik voorkom, maar daar is nie groei nie en dinge hou nie lank nie. Dit is vir hulle onmoontlik om die Geestelike na die vleeslike oor te bring - hulle wil dit andersom doen: die vleeslike na die Geestelike en dit is 'n onmoontlike saak en het allerhande onhebbelike gevolge.

Dit is tipies wat met Elisa se slaaf, Gehasi en die Arameërs gebeur.

Die **Arameërs** beplan met die inligting wat hulle voor hulle het en wil Israel aanval. Hulle werk dinge tot in die fynste detail uit, maar elke keer as hulle *flop* dink hulle daar fout is met die beplanning wat dinge nie laat uitwerk nie. As dinge desperaat raak (tipies!) kyk hulle om hulle rond om te sien wat fout is en soek 'n swartskaap om dinge op te pak. Die koning doen wat 'n vleeslike mens maak en begin ander kritiseer en pak die skuld op sy offisiere: iemand moet 'n veraaier wees!

Gehasi tree net so tipes op! Hy sien weer net die Arameës rondom hom en hy tree op dieselfde manier op: hy kritiseer! Die keer kry die Here die skuld: "Hoe gaan die Here ons uit hierdie goed help!?" Hy is bang.

'n Vleeslike mens kan glad nie verstaan dat die Here 'n ander agenda het nie. Hulle het immers beplan en nou werk dinge nie uit nie en ander mense en dinge kry die skuld! *Hulle sien net **hier** die goed wat hulle omkrap/bang maak en verder sien hulle **niks** nie!!*

Elisa kyk ***hier en daar.*** Hy sien die Here se hand in die goed wat voor hom afspeel. Dit is opvallend dat hierdie man baie rustig is en niks en niemand pla hom nie - hy verwyt nie en knou ook nie sy slaaf af nie: "Hoe kan jy so dom wees?! Weet jy nie dat die Here nog altyd vir ons gesorg het nie...!" Kyk hoe trek hy die Geestelike oor na die vleeslike: "Die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." *Hy sien **alles.***

- Want geestelike dinge lyk anders: hulle is van vuur gemaak! Een sien soldate wat rumoer en dit maak hom bang, die ander een sien engele en dit maak hom rustig.

Wat sien jy vandag? Hoe toets jy dit?

Moenie dink dat dit bepaal word deur jou *aktiwiteite* in die kerk nie. Ja, as jy nie betrokke by die kerk van die Here is nie, sal jy stokblind wees en so bly (en die totale onvermoë van sulke mense om die Geestelike na die vleeslike oor te bring, is baie opvallend). Om besig te wees met die dinge van die Here maak nie geestelike oë oop nie. Die verhaal van Gehasi is sprekend: hy was die hele tyd saam met Elisa besig met God se dinge - hy het wonderwerke gesien, preke gehoor en God in aksie gesien... maar is stokblind!

Daar is niemand so gevaarlik soos 'n aktiewe blinde nie! Hulle probeer die vleeslike oortrek na die Geestelike en is onder die indruk dat hulle dit reg kry, want hulle is mos daar waar die dinge gebeur. Kyk hoe werk aktiewe blindes: "Die Arameërs is nou hier en hulle maak ons bang. Kom ons gee hulle vir die Here."

- Wat moet die Here met hulle maak (met respek gesê)? Hulle probeer die wêreld na God toe vat en nie God na die wêreld toe nie. Dit is vir hulle onmoontlik om God te sien want hulle het van Hom gehoor en is besig met Hom maar het Hom nog nie gesien nie.

'n Kenmerk van die aktiewe blindes is dat ***niks*** gebeur nie. Hulle bid, beplan, werk, val Israel binne… en niks verander nie. Hulle kla en is vies dat niks gebeur nie, bid weer, beplan weer, werk weer.. en niks gebeur nie! Kyk hoe vleeslik is die koning in Samaria: toe die Arameërs blind daar aankom wil hy hulle net uitmoor. Vleeslik dink hy dat dit sy vyande is en dat die Here hulle in sy hande gee; Geestelik moet Elisa hom in die bek ruk as hy vir hom sê dat die Here besig is om te werk en dat hy die mense eerder kos moet gee.

Om Geestelik te wees is om God na die Arameërs toe te vat sodat God dinge kan laat gebeur! Die Arameërs raak blind

- Toets jouself: Het die Arameërs al blind geraak in jou teenwoordigheid - het die Here al dinge deur jou gedoen in jou gesin/werk/kerk... of organiseer jy net?

Ons dink vleeslike mense is slegte mense wat die dinge van Gal 5:17vv doen. Dit kan so wees, maar meestal is hulle aktiewe menses wat niks sien nie. Open 3:15 plaas dit in 'n ander perspektief as daar gepraat word van warm, koue en lou mense.

- Warm = mense wat sien soos wat God sien, doen soos wat God doen, hoor soos wat God hoor, want hulle is deur die Gees van God aangeraak.

- Koud = mense wat nie God se dinge sien/hoor/doen nie.

- Lou is nie iemand wat warm is en 'n bietjie entoesiasme verloor het nie. Dit is iemand wat koud is en maak asof hy warm is - God braak so iemand uit!

As die Arameërs nog nie in jou teenwoordigheid blind geword het nie (as die Here jou nie willens en wetens gebruik het nie) moet jy in jou vier spore stop en seker maak in watter kategorie jy val: warm, koud, lou? *Na alle waarskynlikheid is jy vleeslik.* Dit help ook nie om net te hoor/ sien/praat oor hoe *ander* mense die Arameërs laat blind word nie, want dit is die ander mense wat die Here gebruik en verander aan jou status voor God niks nie. (Die koning in Samaria was in die wolke oor wat die Here deur Elisa gedoen het, maar dit het nie sy eie oë oopgemaak nie.)

Dit is die gevaar in die kerk: dit word maklik 'n *celebration* van ander se suksesse sonder dat daar persoonlik self gesien is. Daar word ook met vreugde kennis geneem van die tyd in die verlede toe mense so 'n "sien-ervaring" gehad het. Hulle wil daarop roem dat die Here die Arameërs rondom ons blind sal maak, maar die meeste mense in die kerk doen nie veel nie en sien geen vuur nie. Hulle verhoudings sukkel om reg te kom, hulle stiltetyd is steeds gebreklik; hulle huisgodsdiens bestaan feitlik nie; hulle is net so krities soos hulle 'n jaar terug was; hulle leef met dieselfde sondes as 'n jaar terug; hulle bid net wanneer hulle in die moeilikheid is of as hulle in die kerk kom... Voorbeelde is baie en ongemaklik.

Here, maak asseblief hulle oë oop.

Want dit wat jy <u>*nou*</u> doen is die bewys of jy die vuur van die Here gesien het en of dit krag in jou lewe het. Dit is nie iets wat nog moet gebeur nie - jou oë is nou oop of dit is toe; of jy sien die vuur van die Here of jy is lou. Die tragiese is dat Gehasi gesien het, *maar later melaats geword* het toe hy uit hierdie dinge wat hy gesien het probeer geld maak het. Want die Here het hom aangeraak en sy oë is oopgemaak, maar dit het nie in sy hart gaan bly nie. Hy het gesien, maar nie gesien nie… Hy het met sy lewe aangegaan soos hy gedink het die beste vir hom sou wees.

- Die Arameërs rondom ons is kragtige goed: as jy die Here nie toelaat om hulle blind te maak nie, gaan hulle jou melaats maak. As jy nie met God se vuur werk nie en jy werk met jou eie agendas, gaan die goed in jou gesig ontplof. Jy kan dit so mooi maak as wat jy kan/wil: *vlees bly vlees en Gees bly Gees.*

Dit is dan nie moeilik om die vraag te beantwoord hoekom kinders van die Here nie oorwinning oor sondes en gewoontes kry nie, nie verander nie en op ou paaie aangaan en so slim is met die redes hoekom hulle dit nie kan doen nie. *Hulle het die vuur van die Here gesien maar dit nie gevat nie.* Hulle is die vleeslike mense wat in die stof rond krap en jubelend soos die koning die Arameërs om die lewe wil bring, maar niks gebeur nie. Later as hulle melaats is en dinge het skeef geloop, wonder hulle verbitterd en verwond hoekom werk dinge nie uit nie? Hulle het dan so hard daaraan gewerk, beplan, gebid…

Twee dinge staan uit:

1. <u>Wie/wat is jou Arameërs vandag/</u>

Hierdie goed is nie speletjies nie. Hulle is soldate wat tot die tande gewapen is, hulle omsingel jou en sal jou lewe van jou wegvat. Hulle kan enigiets wees: sonde, persoonlikheid, gewoontes, kritiek, spanning, siekte... Jy weet wat die Heilige Gees nou op jou hart lê.

2. Wie is jou God tussen die Arameërs?

Die *issue* is nie hoe jy oor die Arameërs dink nie, maar of jy die vuur van God se perde sien? Wat doen jy om God oor te bring na jou lewe/Arameërs toe?

- Die een wat jy sien, is die een wat in jou leef en jou lewe beheers: of die vrede van God of kritiek en vrees.

Let op die **outoriteit** waarmee Elisa werk: "Kom ek vat die blindes aan die hand en lei hulle rond… Kom ek gee die mense genade in die koning se teenwoordigheid."

Ons is nie die slagoffers (*victims)* van die Arameërs nie - hulle is in God se hande en daarom is hulle aan die Geestelike mens uitgelewer. Want agter die Arameërs staan die Satan wat wil slag, steel en uitroei (Joh 10:10), maar wat met blindheid geslaan is deur die dood en opstanding van Jesus (1 Joh 3:8). Met Christus wat in my is, het ek die outoriteit om beheer oor te neem en God toe te laat om met sy vuur te werk - want Hy wat by my is, is meer as hulle wat in die wêreld is (1 Joh 4:4). Ja, 'n Geestelike mens, is nie in die eerste plek 'n aktiewe mense nie, maar 'n wedergebore mens. Slegs onder die redding in Christus se bloed word die oë oopgemaak en die vuur van God val!

Here, as daar enige spoor van die Arameërs by my te vinde is, dinge wat my oë toemaak en my melaats sal maak, vra ek dat U vuur nou daarop val. Ek sal nie langer daarvoor val nie en ook nie boedel oorgee nie. Ek soek U aanraking, maak my oë oop dat ek U perde van vuur kan sien.

Daar is net 2 moontlikhede: warm of koud/lou; Geestelik of vleeslik. Ons wil graag 'n derde moontlikheid skep wat tussen die 2 is, die van neutraliteit maar dit bestaan nie. Dit vra van ons om te kies en ook te doen: ek kyk nie meer soos die Arameërs en ook nie na die Arameërs nie: ek kyk met die oë van die Gees en ek sien die vuur van God soos 'n weermag rondom my. Daarom doen ek die dinge van die Gees.

Salig is elkeen wat die Woord van die Here hoor en daarop ag slaan.

Amen.

Let daarop dat hierdie outoriteit daar is – Christus het die oorwinning oor Satan, myself en die sonde behaal (Rom 6:6-7). Die Satan wil jou oë hiervoor toemaak en jou laat glo dat jy die slagoffer van die Arameërs is en dat jy aan hulle uitgelewer is – dit is omgedraai: jy het die gesag in Christus en dis tyd dat ons dit gebruik.

Staan op en eis dit op – maak jou oë oop vir die outoriteit wat jy in Christus het. Wat die Arameër ook al vandag, proklameer Christus se oorwinning daaroor! Slaan hom met vuur en slaan hom met blindheid, want jy saam met die opgetstane Jesus is ‘n totale oormag oor die bende van Arameërs